

Gehoorsaam tot in die dood

“Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.” Só beskryf Paulus die dieptepunt van Jesus Christus se vernedering en lyding in Filippense 2:8. Waarom sê hy dat Jesus “gehoorsaam” geword het tot in die dood?

Dit word duidelik as jy besef dat Paulus ook hier, soos in van sy ander briewe, Jesus Christus stel teenoor Adam, die eerste mens. In die teenstelling is Adam die eerste hoof van die mensheid en Jesus die nuwe Hoof van die mensheid.

Toe Adam en Eva sonde gedoen het, was hulle ongehoorsaam aan God se gebod dat hulle nie van die boom van alle kennis mag eet nie. Die Here het daarby gesê (Gen 2:17): “Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.”

Ons sien hoedat Adam se ongehoorsaamheid die dood as die “loon” van die sonde in die wêreld gebring het. Sy ongehoorsaamheid het tot die dood gelei. Nou sê Paulus dat Christus die lewe weer vir ons verwerf het deur gehoorsaam te word tot in die dood. Met sy gehoorsaamheid het hy die ongehoorsaamheid van Adam ongedaan gemaak. Maar Hy moes met die gehoorsaamheid tot in die dood ingaan. Christus het die doodloopstraat vir ons oopgebreek deur gehoorsaam te word tot in die dood aan die kruis.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)

~~~~~